

Maandag 11 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:26-40	Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:33
---	--------------------------------------

'n Kerk van orde en vrede!

God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. Paulus gebruik hierdie woorde om 'n wesenseienskap van God aan die Korintiërs te openbaar. 'n Wesenseienskap wat ook in die kerk van die Here moet reflekteer. Orde en vrede.

Dit sê Paulus aan die gemeente na aanleiding van die wanorde en onvrede wat in die gemeente geheers het. In die gemeente was daar 'n verskeidenheid van gawes en elkeen wou hê dat hierdie gawe in die gemeente tot sy eie reg kom. Die gevolg was egter 'n deurmekaarspul. Wanorde. Maar ook onvrede omdat die een reken dat sy gawes meer tel as die ander s'n. Sou iemand van die straat af instap om te kom kyk wat in die byeenkomste aangaan, sou die wanorde en onvrede tussen gemeente lede die indruk gee dat die mense van hulle sinne beroof is.

Paulus spreek daarom die gemeente skerp aan. Op grond van die beginsel dat God 'n God van orde is, stippel Paulus dan die weg vir die gemeente uit in verse 27-35. Hy gee die orde wat tydens byeenkomste gehandhaaf moet word, maar hy doen ook 'n beroep op die Korintiërs om in te val by die gebruike van ander gemeentes. Vers 36 is 'n herinnering aan die gemeente dat die liggaam van Christus nie beperk is tot hulle gemeente nie, maar dat hulle deel is van die *algemene Christelike kerk!*

Ons word geroep om in die kerk van die Here te dien tot opbou van die kerk, tot eer van die Here. Mag ons deelwees van die Here se kerk lei tot vrede en orde in die kerk. Mag die Here se Naam daarin verheerlik word!
*Sing: Skrifberyming 20-2:1, 6, 7 ((Skrifberyming 50 in die swart boekie)
Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)*